Education
EyezeMfundo
Opvoedkunde




# BEd Programinligting 2025

Die doel van die BEd-programme is om opvoeders op te lei en voor te berei om graad R – 3 (Grondslagfase) of graad 4 – 6 (Intermediêre Fase) te onderrig. Hierdie brosjure sal meer inligting verskaf oor die vereistes en verskille tussen die twee programme.

## TOELATINGSVEREISTES VIR ALBEI BEd-PROGRAMME:

<table>
<tr><th colspan="3">ALGEMENE VEREISTES</th></tr>
<tr><td colspan="3">• Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Independent Examinations Board (IEB)-sertifikaat, met 'n gemiddelde persentasie van minstens 60%.<br>• Vier universiteitstoelatingsvakke, geslaag op 'n vlak 4.</td></tr>
<tr><th colspan="3">TAALVEREISTES</th></tr>
<tr><td rowspan="3">Taal van onderrig was Afrikaans in graad 12</td><td colspan="2">Afrikaans en een van die ander twee tale op die volgende vlakke:</td></tr>
<tr><td>Afrikaans Huistaal (HT) of Eerste Addisionele Taal (EAT)</td><td>Vlak 5 (60%)</td></tr>
<tr><td>Engels (HT of EAT) of<br>IsiXhosa (HT of EAT)</td><td>Vlak 4 (50%)</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Taal van onderrig was Engels in graad 12</td><td colspan="2">Engels en een van die ander twee tale op die volgende vlakke:</td></tr>
<tr><td>Engels (HT of EAT)</td><td>Code 5 / 60%</td></tr>
<tr><td>Afrikaans (HT of EAT)<br>of<br>IsiXhosa (HT of EAT)</td><td>Code 4 / 50%</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Jy moes óf Afrikaans (HT of EAT) óf Engels (HT of EAT) vir die NSS vlak 5 (60%) geslaag het.<br>• As jy 'n ander amptelike taal (HL of EAT) in plaas van Afrikaans of Engels geneem het, moes jy dit met 'n minimum van 50% (vlak 4) geslaag het.<br>• As jy 'n vlak 5 (60%) behaal het vir een van die taalvakke hierbo, maar dit is nie jou taal van onderrig nie, kan jy diskresionêre toelating kry.</td></tr>
<tr><th colspan="3">WISKUNDE VEREISTES</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Jy moet een van die volgende hê</td><td>Wiskunde</td><td>Vlak 3 (40%)</td></tr>
<tr><td>Wiskundige Geletterdheid</td><td>Vlak 5 (60%)</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Studente wat vóór 2008 die skooleindeksamen afgelê het, moes minstens Wiskunde (SG) op graad 12-vlak geslaag het.</td></tr>
</table>

| VOORVEREISTES VIR ONDERRIGVAKKE (SLEGS OP BEd INTERMEDIÊRE FASE VAN TOEPASSING) | |
|---|---|
| BEd Intermediêre Fase studente moet in hulle eerste jaar ten minste twee keusemodules neem as moontlike onderrigvakke. Die volgende voorvereistes is op hierdie vakke van toepassing: | |
| **Sosiale Wetenskappe** | Jy moes ten minste een van die volgende vakke in graad 12 met 'n minimum van 50% geslaag het (vlak 4): |
| | Geskiedenis of |
| | Geografie |
| **Natuurwetenskappe** | Jy moes ten minste een van die volgende vakke in graad 12 met 'n minimum van 50% geslaag het (vlak 4): |
| | Lewenswetenskappe of |
| | Fisiese Wetenskappe |
| **Lewensvaardighede** | Geen voorvereistes nie. |

## AANSOEKPROSES EN SLUITINGSDATUM

- Doen aanlyn aansoek by **www.maties.com** en dui BEd as een van jou studiekeuses aan.
- Wanneer jy aansoek doen om toelating, moet jy spesifiseer in watter veld jy sal wil spesialiseer. Jy kan kies tussen die **Intermediêre Fase (IF)** en die **Grondslagfase (GF)**.
- Aansoeke sluit op **30 Julie**. Die keuringsproses sal kort daarna begin.

**Neem asseblief kennis dat toelating tot die BEd-programme aan keuring onderworpe is en dat toelating nie outomaties plaasvind indien jy aan die toelatingsvereistes voldoen nie. Slegs akademiese meriete tel tydens die keuringsproses.**